1523-71

194/70

G.P.-S.

S. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(APPELLATE DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

HENRY WEBBER

**Appellant.**

*versus/teen*

THE STATE

**Respondent.**

*Appellant's Attorney* Pro Deo *Respondent's Attorney* ~~A. G. (C.T.)~~
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* Adv. H.C. Nel *Respondent's Advocate* Adv. M.M. Beukes.
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on* 13 – 5 – 1971
*Op die rol geplaas vir verhoor op*

3 – 7 – 8.

(C.P.D.)

Rumpff J.A. Rabie J.A. Muller J.A.

Advokaat vir Staat nie gehoor nie.

9.45vm. – 11vm.

11.15vm. – 11.45vm.

C.A.V.

Posted 25-5-1971 per Rumpff A.R:— appèl word afgewys.

REGISTRAR APPEAL COURT,
GRIFFIER APPÈLHOF,
BLOEMFONTEIN.

2

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

HENRY WEBBER Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: RUMPFF, RABIE et MULLER, A.RR.

VERHOOR: 13.5.1971. GELEWER: 25.5.1971.

---

UITSPRAAK

RUMPFF, A.R. :

Die appellant is met twee ander, William Rhode en Cyril Jacobs, aangekla van moord in die Kaapse Provinsiale Afdeling. Appellant is skuldig bevind aan moord met versagtende omstandighede en gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf. Rhode en Jacobs wat respektiewelik tweede en derde beskuldigde was, is onskuldig bevind. Die beslissing van die Verhoorhof was 'n meerderheidsbeslissing en verlof tot appèl is deur die Hof a quo toegestaan.

Die/.....

Die omstandighede waaronder die moord plaasgevind het, sal blyk uit ŉ kort weergawe van wat die getuies by die verhoor vertel het. Die belangrikste getuie vir die Staat - en ook die enigste getuie wat die aanranding op die oorledene sou gesien het - was ŉ Freddie Swarts. Hy het aan die Verhoorhof beskryf hoe hy en sy broer Michael, die oorledene, in die vroeë ure van ŉ Sondagoggend op pad huistoe was van ŉ partytjie en in Matroosfontein gestap het met ŉ straat genaamd Mountainweg. Dit blyk uit die getuienis dat daar straatligte is wat die omgewing redelik goed verlig. Net aan die noordelike kant van die straat is huise. Aan die ander kant is oop grond met gras en bossies. Die twee broers het op ŉ groepie mans afgekom wat in die straat gestaan en sing het. Toe hulle skuins oorkant hierdie groepie kom, het Cyril Jacobs, een van die mans in die groep, agter om Freddie gestap na Michael, hom aan die gordel gevat en met klaarblyklike verwysing na Freddie, aan een of meer van die ander mans gesê: „Skud sommer daardie jong ook". Hierby het hy bedoel dat Freddie se sakke leeggemaak moes word. Op daardie moment het Freddie die appellant voor hom sien staan,

en/.....

en hy beskryf wat gebeur het soos volg:

> "......hy lyk toe baie gevaarlik en ek vra vir hom: 'maar hoekom lyk jy dan so kwaai?', want ek ken die persoon nou al baie lankal. Hy het niks gesê nie en ek sien hy gaan met sy regterhand hier na sy agtersak, toe sê ek: 'Hennie, jy gaan weer vir jou mes' sê ek toe vir hom, maar hy sê toe niks. Met die sien ek hy kom uit met die mes en toe hy halfpad opkom, toe is ek seker van 'panic' of dit en ek slaan hom en ek slaan hom in die gesig. Toe ek hom nou slaan toe steier hy agteruit toe dink ek ek moet hom sommer nou weer slaan want hy gaan my sekerlik kry hierso want ek het niks op my nie. Toe ek nou vorentoe gaan toe spring beskuldigde nr. 2 in; hy was aan my linkerkant en hy steek toe na my met 'n mes en ek spring.
>
> Het jy gesien hy het 'n mes? —— Ja. Beskuldigde nr. 2 steek toe na my toe en ek spring uit die pad uit en met die kom beskuldigde nr. 1 weer vorentoe en toe ja hulle twee my met die mes."

Freddie het agteruit beweeg in die bossies waar James Jacobs, broer van Cyril Jacobs, hom van agter genader het en met 'n sambok begin slaan het. In die proses het Freddie gesien dat sy broer Michael begin hardloop en dat appellant hom agterna sit. Freddie het Cyril verwilder - laasgenoemde het blykbaar nie veel moed aan die dag gelê nie - en 'n vrou het James Jacobs weggevat. Freddie het gesien dat

appellant/...

appellant Michael inhaal en hom met ŉ kaphou steek net op die oomblik toe hy regs draai om om ŉ bossie te hardloop. Freddie het gedink dat sy broer in die rug of arm gesteek was, maar hy het sy broer nie sien val nie. Appellant het omgedraai en op Freddie afgestorm wat toe na die straat gehardloop het. Hy is agtervolg deur appellant en Rhode, maar deur sy sakdoek uit te haal en te maak asof hy iets in die sakdoek hou, het Freddie sy agtervolgers op ŉ afstand gehou. Intussen het hulle op hom gevloek en appellant het gesê: „Ja, Freddie, jy kan maar vanaand hardloop maar voor die week om is maak ek vir jou klaar". Daarna het Cyril Jacobs met ŉ paar honde verskyn en Freddie het besluit om huistoe te hardloop. Hy het oor die draad van ŉ buurman gespring en onder die heining van hul huis gaan lê terwyl sy agtervolgers verby hom geloop het. Toe dit veilig was, het hy die huis binnegegaan en toe hy sien dat sy broer nie in die huis is nie het hy teruggegaan en hom gaan soek. Hy het hom gevind dood in die bossies lê nie baie ver van waar hy gesien het dat appellant die oorledene ŉ kaphou gegee het nie. Hy is daarna terug huistoe om sy ouers van die

gebeure/.....

gebeure te vertel waarna hy sy vader en sy/ suster na die lyk geneem het en hy en sy suster die saak by die Polisie gaan aangee het. In kruisverhoor het Freddie die Hof meegedeel dat appellant en Rhode vantevore Michael aangerand het en dat die familie besluit het dat Michael in die toekoms nie alleen moes uitgaan nie. Volgens Freddie het Michael op 'n sekere dag by appellant en Rhode grootgepraat oor Freddie wat 'n rugbyspeler is. Almal was blykbaar onder invloed van drank. Appellant en Rhode het Freddie 'n „moffie" genoem en Michael het hom vererg en begin slaan. Blykbaar was hy onvas op sy voete en is daarna deur appellant en Rhode aangerand. Later het Freddie se vader Rhode 'n pak slae gegee oor sy aanranding op Michael. Gedurende sy kruisverhoor het Freddie o.a. die volgende antwoorde op vrae gegee:

> „Ek sê as hy (d.w.s. appellant) saam met nr. 3 kon hy ook mos na Michael toe geloop het reguit, as hy nou vir Michael wou iets doen, is dit nie so nie, maar hy kom ~~staan~~ toe voor jou? —— Dit is reg.
>
> Jy het nie baie van hom gehou nie; jy hou nie baie van nr. 1 nie? —— Vandat hy laaste vir hom aangerand het het ek nie baie..
>
> Jy het gehoor van 'n aanranding, dit is wat Michael vir jou vertel het? —— Wat baie mense ~~kan vertel~~.

Jy/....

Jy was nie daar nie? --- Ek was nie daar nie. Van toe af hou jy nie van nr. 1 nie? --- Ek hou nie veel van hom nie."

Twee ander staatsgetuies wat getuienis afgelê het oor sekere gebeurtenisse dié aand is n John Lambrecht en die vader van die oorledene, Swarts sr.. Lambrecht was een van die groepie mans wat in die straat gestaan en sing het en dit was volgens hom naby die huis van n sekere Makwene waar n partytjie gehou is. Lambrecht het gesien dat Cyril na Michael toe stap maar volgens hom het hy nie gehoor wat Cyril gesê het nie. Daarna het hy gesien dat Freddie appellant teen die bors slaan - waarom weet hy nie - en daarna het hy gesien dat Freddie agteruit beweeg, en toe weghardloop. Hy dink die agtervolgers van Freddie was Cyril, James en Rhode. Michael het in die bossies gehardloop maar die getuie het nie notisie van hom geneem nie. Die getuie het ook gesien dat James Jacobs uit die huis kom maar hy het geen sambok gesien nie. In kruisverhoor het hy verklaar dat omtrent vyf persone Freddie agtervolg het, dat hy self ook agterna gekom het en dat Cyril se honde ook daar was. Na die agtervolging het almal weer bymekaar gekom in Makwena se

huis/.....

huis en daar het hulle later gehoor dat Michael doodgesteek was. Daarna is hulle waar Swarts snr. in die omgewing van die lyk van Michael gestaan het en die getuie het gehoor dat Rhode aan Swarts snr. sê: „Ek gaan vir jou nog kry", waarop die getuie Rhode weggeneem het huistoe.

Swarts snr. het aan die Hof vertel dat terwyl hy by die lyk van Michael wag gestaan het, Jannie Makwena en appellant daar gekom het. Appellant het gesê: „Ek hoor Michael is dood?" waarop die getuie geantwoord het: „Ek weet nie, maar miskien weet jy". Appellant wat ŉ yster pyp in sy hand gehad het, het begin vloek en het dreigend om Swarts snr. begin loop, wat ŉ stok in sy hand gehad het. Makwena het egter met appellant gepraat en hulle is weg. Daarna het ŉ groepie mans verby gekom waaronder Rhode, wat ŉ mes in sy hand gehad het en wat die getuie wou aanval en wat gesê het: „Die vark is dood! die vark is dood!" Lambrecht het Rhode oorreed om op te hou en die groepie het daarna weggegaan.

In kruisverhoor het Swarts snr. erken dat Michael voorheen aan hom vertel het hoe hy sou aangerand gewees

het/....

het deur appellant en deur Rhode en dat Michael vol bloed en beseer was. Swarts snr. het gesê dat kort na die aanranding appellant op getuie se eie werf onbeskof en veglustig voorgekom het en dat hy daarom appellant eenmaal met ŉ stok geslaan het en ook Rhode, wat ook teenwoordig was, geslaan het.

Die mediese getuienis wat aan die Hof voorgelê is toon aan dat daar ŉ snywond aan die oorledene gevind is, in die nek, aan die regterkant bokant die sleutelbeen met ŉ diepte van 6 cm en dat die wond skuins na links geloop het. Die arteria carotis, ŉ slagaar, was gedeeltelik deurgesny wat bloeding veroorsaak het met die dood as gevolg. Die oorledene sou enkele minute na die toedien van die wond nog kon gelewe het en ŉ kort distansie kon gehardloop het. Die aard van die wond was van so ŉ aard dat die wond heel moontlik van agteraf kon toegedien gewees het.

Die eerste verdedigingsgetuie was Pieter (ook bekend as Jannie) Makwena wat aan die Hof verduidelik het dat daar ŉ partytjie by sy huis was en dat dit ongeveer 2 uur die Sondagoggend tot ŉ einde gekom het. Appellant, Rhode en

Cyril was daar. Op n sekere stadium het die getuie die huis uitgegaan en James Jacobs gesien wat in die gras gesoek het na n plastiese sambok. Op daardie stadium het die getuie nie appellant gesien nie. Rhode was nog in die huis. Die getuie het gehoor dat daar n bakleiery was en later is hy met ander na die plek waar Swarts snr. in die omgewing van die lyk gestaan het. Hy het ontken dat dreigemente teenoor Swarts snr. geuit is en het verder vertel wat gebeur het toe die Polisie by sy huis gekom het. James Jacobs, broer van Cyril, het die Hof vertel dat hy op die partytjie was en toe op n sekere stadium uit die huis gestap het met die honde asook n sambok vir beskerming teen die honde. Buite het hy n groep mans gesien en dit het gelyk vir hom asof Freddie en appellant woorde gehad het. Freddie het appellant teen die bors getrap en appellant het nie geval nie. Daarop het die getuie die sambok gevat en begin slaan, soos hy dit uitgedruk het „sommer om die crowd te disperse". Die sambok het uit sy hand geval en hy het daarna begin soek. In kruisverhoor het die getuie gesê dat hy nie n mes in appellant se hand gesien het nie en op n vraag of hy n

mes/....

mes kon gesien het, het hy o.a. gesê: „Ek kan nie sê nie want Fred Swarts was mos voor hom gewees". Hierdie getuie het Rhode glad nie op die toneel gesien nie. Ook Michael het hy nie gesien nie en volgens hom was daar ook geen vrou teenwoordig nie. Die getuie is weer die huis in en na ɳ tyd het appellant, Rhode, Cyril en Lambrecht by die huis opgedaag. Daarna is almal na waar Swarts snr. gestaan het. Hierdie getuie het ook getuig dat Michael vantevore op ɳ braaivleis die appellant met ɳ mes gesteek het en ook dat Michael self by ɳ ander geleentheid deur iemand gesteek was terwyl hy in geselskap van die getuie en ander by ɳ dans was. In kruisverhoor het die getuie wel erken dat sy vrou by hom was toe hy met ɳ sambok uit die huis gegaan het en dat toe die sambok gevind is sy gesê het dat hulle in die huis moet gaan.

Appellant het in sy getuienis onder eed ontken dat hy/ die persoon was wat die oorledene gesteek het. Dit is nodig om op hierdie stadium te meld dat appellant na die bewuste Sondagoggend waarop Michael gesteek was, in ɳ motorbotsing betrokke was waarby hy breinskade opgedoen het, wat

hom/.....

hom 'n tyd aan amnesie en gebrek aan ko-ordonasievermoë laat ly het. Die verhoor is aanvanklik 'n paar keer uitgestel - o.a. na aanhoor van psigiatriese getuienis oor sy geestestoestand - om hom geleentheid te gee om te herstel. Onmiddellik voor die finale verhoor is psigiatriese getuienis afgelê dat die appellant rasioneel kon dink, dat by psigo-metriese toetsing sy I.K. as 86 beskou is, wat binne die perke van normaliteit val, hoewel laer as die gemiddelde, en dat die appellant se geheue omtrent die gebeurtenisse op die betrokke Sondagoggend helder was.

In sy getuienis het appellant die Hof vertel dat hy eenmaal vantevore deur Michael gesteek is en dat op 'n ander geleentheid hy Michael geslaan het omdat laasgenoemde iemand wou beroof. Om hierdie rede het Swarts snr. hom geslaan. Hy het egter bygevoeg dat hy en Michael daarna weer goeie vriende was. Op die betrokke Sondagoggend was hy op straat maar nie deel van die groepie wat gestaan en sing het nie. Freddie het hom sonder rede aangeval en hom teen die grond getrap. Hy het opgestaan en gesien dat James Jacobs Freddie met 'n sambok slaan. Freddie het daarop weggehardloop en die getuie het hom agtervolg.

By Queensway het hy gaan staan en Rhode, Cyril en Makwena het hulle by hom aangesluit waarop hulle na die huis van Cyril Jacobs gegaan het en daarna na dié van Makwena. Daarvandaan, op pad huistoe, het hy Swarts snr. raakgeloop wat hom beskuldig het dat hy Michael met n mes gesteek het. Dit het hy ontken. In kruisverhoor het appellant ontken dat hy Cyril gehoor praat het en hy het ontken dat hy woorde soos „skud hom ook" gehoor het. Wel het hy erken dat Freddie agteruit gestap het nadat hy hom sou getrap het. Appellant se woorde was: „So het hy agteruit gebeur, en so het ons gepraat met mekaar. Toe vertel ek hom jy kan my mos nie so trap nie." Hy het volgehou dat hy die oorledene glad nie die aand gesien het nie maar hy het erken dat hy kort na die gebeurtenis aan die Polisie n skriftelike verklaring gedoen het waarin hy o.a. gesê het: „Ek het nie die oorledene aangerand nie. Ek was nie naby hom nie. Cyril en Jannie, James Jacobs, Makwena se seuntjie was by die oorledene". Rhode het ook getuienis afgelê en gesê toe hy uit die huis van Makwena kom, hy Freddie en appellant gesien het en dat toe hy Freddie sien toe „.....steier hy agtertoe...hardloop hy agtertoe". Toe die getuie

met appellant praat, het Freddie weggehardloop en hy en appellant het Freddie agtervolg. Ander het ook saam gehardloop en hulle is later terug na Makwena se huis. Hy het enige dreigemente teenoor Swarts snr. ontken. Rhode beweer dat hy die oorledene ook glad nie die nag gesien het nie. Cyril Jacobs het in sy getuienis erken dat hy met ander in Mountainweg gestaan het toe Freddie en Michael daar verby kom en dat hy na Michael gestap het, hom aan sy baadjie gevat het en by wyse van grap gesê het: „Mike laat ek jou skud". Hy het gesien Freddie en die appellant praat met mekaar maar die getuie het toe na n Barbara Steenkamp gestap om huis toe te gaan. Hy het twee honde by hom gehad. Nadat hulle n entjie gestap het, het hy n gerasery en skoensole op die straat gehoor. Toe hy omkyk sien hy dat sy broer James Freddie met n sambok slaan. Die getuie se woorde lui o.a. ook: „Toe ek naderkom het Freddie Swarts agtertoe beweeg, agteruit gestap en toe ek nader kom het hy hom omgedraai en gehardloop". Die getuie het gesê dat appellant en Rhode asook hyself en n paar ander appellant agtervolg het. Later het hulle by die huis gehoor dat Michael dood is.

Dit/.....

Dit is vir doeleindes van hierdie uitspraak nie nodig nie om meer uitvoerig in te gaan op die getuienis wat in die Verhoorhof afgelê is. Die getuies is feitlik almal aan lang en deurtastende kruisverhoor onderwerp en aan die einde van die saak het dit duidelik geblyk dat Rhode en Cyril Jacobs nòg deur voorafgaande komplot nòg deur gesamentlike optrede aandadig aan die dood van Michael was. Hulle is gevolglik onskuldig bevind. Wat appellant betref, het die getuienis egter belangrike bevindings van die Verhoorhof as gevolg gehad. Die eerste is dat die Verhoorregter en beide assessore van mening was dat Freddie 'n uitstekende getuie was. In die uitspraak stel die Verhoorregter dit o.a. so: „Sy gedrag in die getuiebank was uitstekend, die wyse waarop hy die vrae beantwoord het, het geheel en al gedurende sy getuienis die stempel van die waarheid gedra in alles wat hy gesê het".

Wat die verdedigingsgetuies betref, is bevind dat hulle mekaar in belangrike opsigte weerspreek en dat sommige van hulle in sekere opsigte die getuienis van Freddie staaf. Die Verhoorhof het in sy uitspraak na etlike van hierdie teen-sprake verwys, asook na die getuienis wat gestaaf word. Verder

het die Verhoorhof gekonstateer dat die appellant 'n swak indruk op die Hof gemaak het en, weens sekere getuienis deur hom afgelê, is hy as 'n leuenaar bestempel. Rhode se getuienis bots met soveel van wat ander getuies gesê het dat hy as 'n onbetroubare getuie beskou is. Cyril Jacobs en James Jacobs het skynbaar nie 'n slegte indruk in die getuiebank op die Hof gemaak nie maar weens die aard van hul getuienis en die indruk wat hulle geskep het dat hulle dinge wou verberg is hulle getuienis as onbetroubaar beskou.

Namens appellant is in hierdie Hof in die eerste plek betoog dat die meerderheid in die Hof a quo 'n ernstige wanvoorligting begaan het omtrent die benadering van die getuienis van 'n enkele getuie. Daar is betoog dat die meerderheid verkeerdelik van mening was dat Hoofregter Fagan in Rex v. Mokoena, 1956 (3) S.A. 81, op 85-86, gesê het dat die toets dat 'n enkel getuie se getuienis duidelik en genoegsaam in elke wesenlike opsig moet wees, te hoog gestel is. Hierdie aanval op die meerderheidsbeslissing spruit voort uit 'n deel van die uitspraak van die Verhoorregter waarin die standpunt van die

assessor wat in die minderheid was uiteengesit word. Om die assessor se standpunt reg te verstaan en om reg te laat geskied aan die uiteensetting van die Verhoorregter is dit wenslik om die betrokke deel van die uitspraak in sy geheel aan te haal. Dit lees soos volg:

„Die Hof se beslissing dat dit die beskuldigde was wat die oorledene gesteek het is ŉ meerderheidsbesluit. Een van my assessore voel anders hieroor. Sy sienswyse is dat alhoewel Fred Swarts op hom ŉ goeie indruk gemaak het en hy hom as ŉ goeie getuie beskou moet sy getuienis nogtans met ŉ groot mate van versigtigheid benader word en dat as ŉ mens die toets toepas wat in die saak van Rex versus Mokoena, 1932 O.P.D. 79 uiteengesit is, dan is daar by hom, die geleerde assessor, ŉ redelike twyfel of dit die beskuldigde was wat die oorledene gesteek het.

Artikel 256 van Wet 56 van 1955 lees soos volg: 'ŉ Hof kan ŉ beskuldigde weens enige misdryf wat hom in die aanklag ten laste gelê word skuldig bevind op die enkele getuienis van ŉ bevoegde en geloofwaardige getuie.'

Met verwysing na die soortgelyke artikel in die vorige wet, Wet 31 van 1917, het De Villiers, R.P. in Mokoena se saak op bladsy 80 hom so uitgelaat:

'In my opinion that section should only be relied on where the evidence of the single witness is clear and satisfactory in every material respect. Thus the section ought not to be invoked where, for instance, the witness has an interest or bias adverse to the accused, where he has made a previous inconsistent statement, where he contradicts himself in the witness-box, where he

has/.....

> has been found guilty of an offence involving dishonesty and where he has not had the proper opportunities for observation.'

Hierdie stelling is in heelwat sake goedgekeur maar dit is in die saak van R. teen T., 1958 (2) S.A., bladsy 676, op bladsy 678 deur Waarnemende Appèlregter Ogilvie Thompson, soos hy destyds was, gesê:

> ,The remarks of De Villiers, J.P. - which, as explained by Fagan, C.J. in the later Mokoena case (supra) are not to be elevated to an absolute rule of law - were made in relation to sec. 284 of Act 31 of 1917, but are of equal application to Section 256 of the Code.'

Ek verwys, in die eerste plek, daarna dat dit nie n algemene regsreël is nie. Blote verstand vereis egter dat versigtigheid toegepas moet word.

In die Appèlhofsaak van Rex versus Mokoena, 1956 (3) S.A. 81, op bladsy 85 - 86 het die geleerde Hoofregter Fagan gesê dat die toets dat -

> ,that section should only be relied on where the evidence of the single witness is clear and satisfactory in every material respect.....'

te hoog gestel is. Hy het egter daarmee saamgestem dat die getuienis van n enkele getuie wel met versigtigheid benader moet word.

My geleerde assessor se mening is dat daar getuienis is dat daar vyandigheid was tussen die beskuldigde en die oorledene voor hierdie aand, en dat onder hierdie omstandighede daar gesê kan word dat hy (Fred Swarts) tot n mate bevooroordeeld moes gewees het teenoor die beskuldigde. Ek het alreeds gesê dat Fred Swarts geredelik toegegee het dat hy nie van die beskuldigde hou nie. My geleerde assessor voel dat onder die omstandighede wat die geleerde Regter President in die eerste Mokoena- saak supra gesê het van toepassing is, naamlik, dat daardie artikel wat

die Hof magtig om op die getuienis van n enkele geloofwaardige getuie n skuldigbevinding in te bring nie hier gebruik moet word nie daar Fred Swarts, die enkele getuie, 'an interest or bias adverse to the accused' het. My geleerde assessor voel dat dit synde die geval moet die voordeel van die twyfel aan die beskuldigde gegee word. Hy voel ook dat in die gewoel wat daar in die omgewing aangegaan het kan dit nie bo redelike twyfel gesê word dat dit daadwerklik die beskuldigde was wat die oorledene gesteek het nie. Sy sienswyse is egter, soos alreeds genoem, nie die sienswyse van die meerderheid van die Hof nie.

Die meerderheid van die Hof is daarvan oortuig dat dit wel die beskuldigde was, op die getuienis van Fred Swarts, wat die oorledene gesteek het. Die meerderheid van die Hof het in gedagte gehou dat Fred Swarts se getuienis met die uiterste versigtigheid benader moet word. Ons het in gedagte gehou die stellings wat in die Appèlhofsake gemaak is, dat waar n enkele getuie getuienis aflê, moet sy getuienis deeglik en met die uiterste versigtigheid ondersoek word."

Uit wat hierbo aangehaal is blyk dit m.i. duidelik dat die minderheidsassessor van mening was dat die stelling genoem in die 1932-<u>Mokoena</u>saak, die <u>judex facti</u> sonder meer en outomaties bind en dat dit ook nie nodig is nie om in te gaan op die graad of erns van die soort van gebreke wat mag kleef aan die getuienis van n enkele getuie nie en wat in die 1932-<u>Mokoena</u>saak genoem word. Soos sal blyk, het hierdie Hof reeds aangedui, dat dit nooit die bedoeling van De Villiers, R.P.

in/.....

in die 1932-Mokoenasaak kon gewees het nie. Hoewel n skuldigbevinding kan plaasvind op die getuienis van n enkele getuie vereis die wetgewer dat sodanige getuie n geloofwaardige getuie moet wees. Dis natuurlik onmoontlik om n formule te skep waarvolgens elke enkele getuie se geloofwaardigheid vasgestel kan word, maar dit is noodsaaklik om met versigtigheid die getuienis van n enkele getuie te benader en om die goeie eienskappe van so n getuie te oorweeg tesame met al die faktore wat aan die geloofwaardigheid van die getuie kan afdoen. Hierdie Hof het in n uitspraak van Hoofregter Centlivres - waarmee Regter Fagan saamgestem het - in hierdie verband gesê:

> „In Nhlapo v. Rex, (A.D. 1•th November, 1952), SCHREINER, J.A. said in giving judgment that ‚in deciding whether the guilt of an accused has been established beyond reasonable doubt a cautionary rule of the kind mentioned'
>
> (by DE VILLIERS, J.P., in Rex v. Mokoene, 1932 O.P.D. 79)
>
> ‚may well be helpful as a guide to a right decision. It naturally requires judicious application and cannot be expected to provide, as it were automatically, the correct answer to the question whether the evidence of the Crown witness should be accepted as truthful and accurate. Certainly it does not mean ... that the appeal must succeed if any criticism, however

slender/...

slender, of the witness's evidence were well-founded'". Kyk R. v. Bellingham, 1955 (2) S.A. 566 te bl. 569.

In die 1956-Mokoenasaak het Hoofregter Fagan na aanleiding van die stelling van De Villiers, R.P., in die 1932-Mokoenasaak verwys na die kritiek van Regter Broome op hierdie stelling in R. v. Abdoorham, 1954 (3) S.A. 163 (N) te bl. 165. In hierdie kritiek het Regter Broome o.a. die regsgeldigheid van die eerste sin van die stelling in twyfel getrek. Hoofregter Fagan het die kritiek beantwoord deur te sê: „The criticism of Broome J.P. would be justified if the sentence in the 1932 judgment had to be read as laying down a requirement of law that must be strictly complied with. It is improbable, however, that De Villiers J.P. intended it to be read that way". Daarna voeg hy by dat dit as waarskuwing beskou moet word om die bewyskrag van n enkele getuie nie gelyk te stel met die van meerdere getuies nie.

Uit die hierbo aangehaalde uittreksel uit die uitspraak van die Verhoorhof blyk dit dat die minderheidsassessor skynbaar die voorbeeld wat n die eerste Mokoenasaak in verband

met vooroordeel genoem word, outomaties toegepas het en van mening was dat die getuienis van Freddie as enkele getuie nie as geloofwaardig beskou behoort te word nie omdat daar by hom „an interest or bias adverse to the accused" was. Skynbaar het die assessor dit nie nodig geag om die intensiteit van die vooroordeel te peil of die belangrikheid daarvan in die lig van die getuienis as geheel vas te stel nie. Wanneer die Verhoorhof in die onderhawige saak na R. teen T. (supra) verwys en dan sê dat Hoofregter Fagan in die 1956-Mokoenasaak verklaar het dat die eerste sin van die reeds genoemde stelling in die 1932-Mokoenasaak te hoog gestel is, het hy na my mening nie meer bedoel as om te sê dat Hoofregter Fagan verklaar het dat die genoemde stelling nie so hoog as 'n regsreël gestel moet word nie. Die woorde „te hoog gestel" skiet miskien te kort aan 'n mate van presisering, maar in die samehang van die deel van die uitspraak wat hierbo aangehaal is, is dit m.i. volkome duidelik wat die bedoeling van die Verhoorhof was. Daar was m.i. geen wanvoorligting deur die meerderheid van die Verhoorhof nie.

Daar is verder namens die appellant aangevoer dat die meerderheid van die Hof Freddie Swarts se getuienis nie krities beoordeel het nie en daar is betoog dat die getuienis sekere swakhede bevat. Ek het reeds verwys na die bevinding van die Verhoorregter en beide assessore dat Freddie se getuienis die Verhoorhof beindruk het. Hy is inderdaad as 'n uitstekende getuie beskryf. 'n Deurlees van sy getuienis bevestig dat hy die beskrywing nie onwaardig is nie. Die verwysings na beweerde swakhede in sy getuienis het betrekking gehad deels op trivialiteite en deels op 'n paar punte in sy getuienis wat in stryd is met die getuienis van ander getuies. Dit is nie nodig om op hierdie teenstrydighede in te gaan nie - hulle is in elk geval nie van wesenlike belang nie - want dit is duidelik dat die ander getuies van so 'n aard was dat hul getuienis onder ernstige verdenking staan.

Namens appellant is ten slotte aangevoer dat die Verhoorhof gefouteer het deur die breinbeskadiging van die appellant en sy I.K. nie as versagtende omstandigheid in aanmerking te neem nie. Voor die oplegging van vonnis het die

Verhoorregter/.....

Verhoorregter alle moontlike feite wat ter versagting genoem is in aanmerking geneem en dit skyn nie of hierdie punt onder die Verhoorregter se aandag gebring is nie. Die Verhoorregter het ook sekere vorige veroordelings van die appellant in aanmerking geneem. In die begin van die uitspraak het ek reeds genoem dat volgens psigiatriese getuienis die I.K. van die appellant op 86 gestel is, dat dit binne normale perke is, maar laer as gemiddeld. Die psigiater is nie gevra hoe hy die I.K. van die appellant vasgestel het nie en hy kon natuurlik ook nie sê wat die I.K. van die appellant voor die motorongeluk was nie. Uit die getuienis blyk dat appellant op skool dit nie verder as standerd 1 gebring het nie. Na my mening is hierdie betoog omtrent die I.K. as versagtende omstandigheid van die appellant sonder enige grond.

Die appèl word afgewys.

RUMPFF, A.R.

RABIE, A.R.
MULLER, A.R. } Stem saam.